

## Woensdag 4 Desember

**Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-3; 14:9-13; 16:12-16; 19:5-10; 20:1-6; 22:6, 7, 10-21**

**Fokusgedeelte: Openbaring 1:1-3**

### **Jesus verskyn tot ons verlossing (4)**

Die tyd van die Here se straf is naby. Sy straf raak liggaam en siel. Die oordeel van die Here tref dus hierdie mense in sy volle almagtige krag. Tog is die straf reg, want die Here en die heilige engele staan en toekyk en hulle is tevrede daarmee.

Waar staan u en ek in hierdie oomblikke? Die Here gee die antwoord: "Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die geboorte van God nakom en in Jesus bly glo" (14:12). Dit is 'n terugverwysing na die saligspreking dat ons die Woord moet bewaar. Hier word die vrug daarvan om die Woord te bewaar, uitgespel: dié wat dit nie doen nie, gaan hel toe.

Ons wat wel die woord van die Here bewaar, se toekoms word in 'n saligspreuk afgekondig. *En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en hulle werke volg met hulle* (Op. 14:13).

Dit is wat van ons word: Ons sal hier vervolg en uiteindelik doodgemaak word as ons die woord van die Here bly bewaar, maar ons sal geseënd wees, want ons sal in die Here sterwe. Die oomblik wanneer ons sterf, gaan ons in die ewige saligheid in, want dan is ons by die Here.

Die liefde en versorging van ons Here Jesus is 'n banier oor ons swaarkry dat ons kan bly glo, en bly veg teen dié wat wil hê dat ons moet verkeerd glo of ophou glo: Die Here Jesus Christus is nou in sy volle heerlijkheid in die hemel en daar wag Hy die mense in wat aan Hom behoort.

*Sing: Psalm 118-1:13*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*